

Produk gee mense hoop

Casper en Anne-Marie Nice het in Jeffreysbaai 'n onderneming begin om kwaliteit wasbare produkte te verskaf aan mense wat met inkontinensie sukkel en finansiële onderdruk is.

Dié onderneming het op 'n wonderbaarlike manier verander in 'n bediening waar mense se waardigheid herstel word.

"Ons het Dignity4You in 2019 begin toe Anne-Marie se ma, wat Parkinson-siekte het, inkontinensie ontwikkel het wat haar van haar waardigheid ontnem het. Sy was te skaam om in die openbaar uit te gaan," sê Casper.

"Op daardie laagtepunt het ons ná baie gebede die geleentheid gekry om plaaslik

met die vervaardiging van wasbare produkte vir inkontinensie te begin. Wat aanvanklik 'n waterdigte broekie vir haar ma was, het gegroei tot 'n volwaardige internetonderneming.

"Ons het die naam Dignity4You vir die onderneming gekies want dit herstel mense se waardigheid. Ons het tans sewe kwaliteit produkte wat in Suid-Afrika vervaardig word. Ons bemark twee tipes waterdigte broekies. Die een is 'n normale broekie en die ander een word met drukknopies vasgemaak," vertel Casper.

"Dan verskaf ons ook onderbroeke vir inkontinensie vir vroue en mans, wasbare doeke vir volwassenes en 'n booster

pad van katoen wat in die doek of onderbroekie geplaas kan word vir ekstra absorpsie. Ons maak ook 'n waterdigte treklaken wat onder 'n pasiënt geplaas kan word. Al ons wasbare onderbroeke, doeke en booster pads is gemaak van 100% katoen en kan tot 200 keer hergebruik word," sê Casper. "Hierdie omgewingsvriendelike katoenprodukte is baie ekonomies en is drie tot vyf keer goedkooper as weggoibare produkte.

"Die meeste van die tyd neem dit 'n maksimum van vyf minute om mense weer hoop te gee. Dank die Here vir die geleentheid wat ons het om dit te kan doen," sluit Casper af. – **Promosie-artikel**



Anne-Marie en Casper Nice.

Tuisverpleging meer gerieflik vir pasiënte

Die "verpleging en versorging in my eie huis" of tuisverplegingbedryf in Suid-Afrika is redelik jonk.

Tuisverpleging gee jou toegang tot kundige en empatiese hulp wanneer jy en jou familie jou gesondheidsbehoefte nie meer alleen kan hanteer nie, of moontlik kundige verpleging en versorging benodig. Dit bied jou ook 'n realistiese alternatief om tuis versorg te word in plaas van in 'n hospitaal.

Tuisverplegingdienste het 'n kritieke deel van gesondheidsorg geword, wat die

fokus plaas op die pasiënt en sy familie.

Bowendien bly die hande op die pasiënt op die pad na die uitkoms, wat die span met die familie ooreenkom.

Om daardie doelwit te bereik, word die verpleegkundige en versorger wat daagliks met die pasiënt werk, 'n integrale deel van die kliniese span wat verantwoordelik is vir die sorg van die pasiënt. Die ondersteuning van die huisarts wat betref telefoniese leiding, herhaling van voorskrifte en die periodieke fisiese opvolg van die pasiënt is essensieel.

Waar 'n spesialis betrokke is, word die skedulering van konsultasies gefasiliteer. Ander lede van die span sluit in arbeids- en fisioterapeute en maatskaplike werkers.

Die doel van tuisversorging is om 'n pasiënt-en-familie-ervaring en kliniese uitkomst te fasiliteer wat ten minste vergelykbaar is met die sorg wat in 'n hospitaal gelewer word – meer nog, om daardie vlak van sorg te oortref omdat dit in jou eie huis plaasvind, omring deur jou geliefdes.

Dit is net nodig om weer 'n slag te herbesin oor watter toestande wel tuis en teen hoë gehalte hanteer kan word.

Onthou dat die keuse van jou tuisverpleging-diensverskaffer uiters belangrik is om gehalte te verseker. Die diensverskaffer moet sorgplanne ontwikkel wat aan die beste wetenskaplik bewese standarde in die wêreld gemeet word.

■ Dr. Martin de Villiers: mediese direkteur van Medwell SA Tuis-gesondheidsorg-spesialiste. www.medwell.co.za.

– **Promosie-artikel**